Tydens die tuinfees wat ter ere van die besoek van die Britse koninklike gesin (1947) op *Over-Vaal* gereël is. Soos te sien het die weersomstandighede nie meegewerk nie

Bryntirion na 1910

Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika is 'n aantal wonings op Bryntirion ter beskikking van Ministers gestel, terwyl regskundiges en ander hooggeplaaste amptenare ook daar hul ampswonings besit het. Een van hulle was die toenmalige magistraat van Pretoria. Ook was die kantoor van die Britse Hoë Kommissaris asmede sy ampswoning daar geleë.

Die aansien van Bryntirion het verder gestyg nadat die Unieregering in 1934 besluit het om die ampswoning van die Eerste Minister, tans bekend as *Libertas* op Bryntirion te bou. Die besluit is in 1934 geneem en die gebou en sy omgewing in 1940 voltooi.

Reeds voordat *Libertas* aan die bestaande ampswoning van Bryntirion toegevoeg is, het die Administrateur, mnr. Jan H. Hofmeyr al in 1926 in een van die bestaande ampswonings gewoon. Administrateurs J. S. Smit en S. P. Bekker het hul intrek in die voormalige magistraatswoning wat aan Kerkstraat geleë was (nr. 970), geneem.

Tydens die administrateurskap van laasgenoemde is besluit om 'n passende administrateurswoning, later bekend as *Over-Vaal*, op Bryntirion te bou.

Totstandkoming van *Over-Vaal*

In April 1935 het die Transvaalse Uitvoerende Komitee besluit om 'n kapitaaluitgawe van R20,000 vir die bou van 'n nuwe administrateurswoning beskikbaar te stel. Met die soektog na 'n geskikte bouterrein vir die nuwe ampswoning het die aandag op Bryntirion geval. In Oktober 1935 het die Kabinet sy toestemming verleen dat die Transvaalse Provinsiale Administrasie ruim ses bestaande en onbeboude erwe op die hoek van Kerkstraat-Oos en Dumbartonweg vir boudoeleindes kan aanwend. Nou kon die planne verder uitgewerk word.

Een van die beginsels wat met betrekking tot die beplanning van die Administrateurswoning neergelê is, en wel deur die destydse Administrateur, mnr. S. P. Bekker, was dat die nuwe ampswoning in die Kaaps-Hollandse boustyl ontwerp en gebou moes word.

'n Groot aantal deskundiges het hulle beywer om, waar praktiese en ander moeilikhede hulle nie belet



'n Minder bekende gesig op *Over-Vaal*. 'n Gedeelte van die noordoostelike hoek